

## Die VKO-indiensnemingstimulus-verligtingsfonds Wat beteken dit vir SmartStarters?

### 'N VINNIGE OPSOMMING

- Die regering het verlede jaar noodbepaling aangekondig om te help om tydens die Covid-19-pandemie werk te beskerm. 'n Deel van die hierdie bepaling is vir werkers in VKO-programme. Dit staan as die [VKO-indiensnemingstimulus-verligtingsfonds \(ECD Employment Stimulus Relief Fund\)](#) bekend.
- Die fonds betaal 'n spesiale toelae aan mense wat in VKO-programme werk en wat as gevolg van die pandemie 'n verlies aan inkomste ly. [Die steun wat verskaf word, sal 'n maksimum waarde van R4 470 per personeelid beloop.](#) Die finale bedrag kan minder wees, afhangend van hoeveel mense aansoek doen.
- [Alle tipes werknemers by alle tipes VKO-programme](#), insluitend niasentrumgebaseerde programme soos speelgroepe en kinderoppassers, kwalifiseer.
- Die sperdatum om vir hierdie eenmalige toelae aansoek te doen, is [Vrydag 19 Februarie](#).

**! HIERDIE TOELAE VERSKIL VAN DIE SMARTSTART-VERLIGTINGSTOELAE.**  
Dit beteken u kan vir ALBET hierdie toelaes aansoek doen.

### WIE KWALIFISEER?

- “Kwalifiseer” beteken “word toegelaat om die toelae te ontvang”. 'n Persoon kwalifiseer as hulle in enige rol by 'n VKO-program werk – byvoorbeeld praktisyns, kokke en administrateurs.
- Alle SmartStart-programme [wat voor 1 Maart 2020 bedryf is](#), kwalifiseer.
- [Programme moet ook oop wees om te kwalifiseer.](#) As u program nog nie heropen het nie, moet u daartoe verbind wees om binne 60 dae oop te maak.
- Kwalifisering op sigself is nie genoeg nie. Die regering vereis dat aansoekers sekere dinge in plek moet hê, soos 'n bankrekening. Vir talle SmartStarters sal dit moeilik wees. [U franchisegewer kan egter namens u aansoek doen.](#) Daar is meer inligting hieroor op die keersy.

**Daar is nie baie tyd oor nie – lees verder om uit te vind hoe om  
aansoek te doen!**

## WIE KAN AANSOEK DOEN?

- Die regering sê dat die aansoek ingedien moet word deur:
  - 1 Die eienaar of bestuurder van 'n VKO-sentrum, namens **alle** personeellede. Die totale waarde van hierdie toelae sal vir 'n maksimum van vier personeellede per VKO-sentrum wees, wat onder alle personeel verdeel moet word. **OF**
  - 2 Die eienaar of bestuurder van 'n niesentrumgebaseerde VKO-program, soos 'n speelgroep of kinderoppasser. Die totale waarde van die toelae sal vir 'n maksimum van een personeellid per program wees, wat onder alle personeel verdeel moet word. **OF**
  - 3 'n Organisasie wat veelvuldige VKO-programme bestuur of daarvoor toesig hou - namens enige program met wie 'n skriftelike ooreenkoms voor 1 Maart 2020 in plek was. Dit beteken dat u franchisegewer namens u kan aansoek doen.

## AS U WIL HÊ DAT U FRANCHISEGEWER NAMENS U MOET AANSOEK DOEN

- As u wil hê dat u franchisegewer namens u moet aansoek doen en u franchisenemer-ooreenkoms is voor of op 1 Maart 2020 onderteken:
  - Vul die aanlyn toestemmingsvorm in - u kan hier toegang daartoe kry: [smartstart.org.za/contracts/login](http://smartstart.org.za/contracts/login).
  - U franchisegewer sal probeer om namens u aansoek te doen. As hulle daarin slaag, sal hulle die toelae aan u betaal (waarskynlik tussen April en Mei).
  - U sal bewys moet verskaf dat u binne 60 dae weer oopgemaak het.



Deur die toestemmingsvorm te onderteken, verbind u u daartoe om te heropen binne 60 dae nadat u die toekenning ontvang het. **U moet die vorm slegs onderteken as u hierdie verbintenis kan maak.**

## AS U DIREK VIR U PROGRAM WIL AANSOEK DOEN

- Die regering sê dat *enige persoon of organisasie wat aansoek doen* (nie die persoon wat die toelae ontvang nie) die volgende dinge in plek moet hê:
  - 1 'n Bankrekening in die naam van die VKO-program of -organisasie.
  - 2 Registrasie op die Sentrale Verskafferdatbasis (as u nie deur die DMO befonds word nie). Vul bloot die vorm in by: [secure.csd.gov.za/Account/Register](http://secure.csd.gov.za/Account/Register)
    - As u hierdie dinge het en u wil self aansoek doen, gaan na <https://govchat.app>, vul u besonderhede in en laai die vereiste dokumente op.



U kan nie self direk *en* deur u franchisegewer aansoek doen nie. Dit is bedrog en kan tot 'n kriminele klag lei. Kies een metode.

Benodig u meer inligting? Skakel u afrigter/opleier of besoek [www.dsd.gov.za](http://www.dsd.gov.za)